Laerskool Mikro

# Handboekwerk:

# Dinsdag 19 Mei 2020

## Deurlopende Assessering – Bladsy 70

## Deurlopende assessering

Lees hierdie kort storie en beantwoord die vrae.

Werner en Siseko woon in 'n privaatkamp in die Krugerwildtuin. Albei se pa's is veldwagters. Die seuns gaan skool in Skukuza. Naweke mag hulle saam met hul pa's op hul rondtes in die veld rondry.

Saterdagmiddag roep Werner se pa hulle. Hulle gaan te voet na een van die rivierpoele stap. Werner en Siseko is 'n bietjie bang, maar tog ook opgewonde. Hulle sal versigtig moet wees. Enige dier kan in die lang gras op die rivieroewer wegkruip.

Hulle hoor 'n geproes en 'n geblaas by die rivier. Dit is beslis seekoeie.

Toe hulle by die rivierbedding kom, sien hulle 'n spoor in die sand – 'n baie groot spoor. Hulle wonder watter dier se spoor dit is.

Dit is 'n leeuspoor!

Skielik hoor hulle 'n onaardse gebrul tussen die lang gras. Die seuns is wit geskrik. Wat nou?

1. Wie is die hoofkarakters in die storie? (2)
2. Som in twee sinne op wat in die storie gebeur. (2)
3. a) Skryf 'n volledige uitroepsin uit die storie neer. (1)
   b) Wat noem ons die leesteken aan die einde van die uitroepsin? (1)
   c) Is die volgende stelling waar of onwaar: "Uitroepsinne kan spanning in 'n storie wek." (1)
4. a) Skryf 'n vraagsin uit die storie neer. (1)
   b) Watter leesteken kom aan die einde van die vraagsin voor? (1)
5. Wat noem ons die skryfteken in die meervoudsvorm van "pa"? (1)
6. Skryf die onderwerp, gesegde en voorwerp van die volgende sin neer:
   Die seuns hoor die seekoeie. (3)
7. Onderstreep al die basisvorme in die volgende woorde:
   a) rivieroewer b) leeuspoor (2)
8. Onderstreep die agtervoegsels in die volgende woorde:
   a) veldwagters
   b) rivierpoele (2)
9. Wat doen die agtervoegsel in "seekoeie" met die basisvorm? (1)
10. Voeg voorvoegsels by die volgende woorde om die tydsvorm te verander:
    a) proes b) blaas (2)

**Totaal: 20**